OPENBARE BESTUUR
en Regering

Skool vir Sosiale en Owerheidstudies

• Ons doen dit reg • Re dira sentle • Getting it right

NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NORTH-WEST UNIVERSITY
POTCHEFSTROOMKAMPUS



Openbare Bestuur en Regering

U sal Openbare Bestuur en Regering beleef as 'n vak wat aan u voorpuntkennis en vaardighede bied wat u toerus om 'n sinvolle bydrae in 'n snel veranderende wêreld, veral ook in die ontwikkelende Suid-Afrika, te lewer. Die vak en die departement gaan aan u kundigheid, analitiese vermoëns en navorsingsvaardigheid bied wat u gesog in die arbeidsmark sal maak of u in die vermoë sal stel om onafhanklik daarin te kan werk.

Wat is Openbare Bestuur en Regering?

In die breedste sin van die woord behels die vak Openbare Bestuur en Regering die studie van hoe teorie en praktyk kombineer om onder andere die mees belangrikste behoeftes van gemeenskappe binne die samelewing van 'n land deur die effektiewe en doeltreffende lewering van openbare dienste deur die regering en sy beleidmakende-, regsprekende- en uitvoerende instellings op die nasionale-, provinsiale- en plaaslike owerheidsfere mee aan te spreek.

Meer spesifiek bestudeer Openbare Bestuur en Regering op wetenskaplike wyse die volgende:

- Plek en rol van die vak binne die openbare sektor van 'n staat soos Suid-Afrika
- Aard en omvang van die Grondwet
- Strukturering van die staat se beleidmakende-, uitvoerende- en regsprekende instellings
- Aard en omvang van die openbare dienslewering op die drie owerheidsfere
- Bestuursprosesse soos bv. beplanning, organisering, 'n personeelbestuur en finansiële bestuur
- Plek en rol van etiek

Hoekom moet u vir Openbare Bestuur en Regering registreer?

Ongeag wat u studeer, sal die vak Openbare Bestuur en Regering onder andere u vermoë om die openbare dienslewering van die staat en sy instellings binne die samelewing te analiseer, te ontleed, te beskryf en te verklaar en verder te ontwikkel.

Suksesvolle studie in Openbare Bestuur en Regering is veral vir studente wat in die volgende beroepsrigtings belangstel en onontbeerlik:

- Administratiewe poste in nasionale-, provinsiale- en munisipale departemente
- Arbeidsverhoudinge-onderhandelaars
- Bestuurders
- Beplanners en ontwikkelaars
- Kommunikasiekundiges
- Maatskaplike werkers
- Menslike hulpbronbestuurders
- Munisipale werknemers

- Onderwysers
- Polisie-, sekuriteit- en verkeersbeamptes
- Politici
- Projekbestuurders, -ontleders en evalueerders
- Sielkundiges
- Verpleegkundiges

Die voorgraadse modules van Openbare Bestuur en Regering is as volg:

PUMA 111: Grondslae van Openbare Bestuur
PUMA 121: Lokus en fokus van Openbare Bestuur
PUMA 211: Openbare beleid en beplanning
PUMA 221: Die regering en volhoubare ontwikkeling
PUMA 311: Munisipale bestuur en navorsing
PUMA 321: Strategiese openbare hulpbronbestuur

Nagraads is die volgende programme beskikbaar:
- Hons BA (Ontwikkeling en Bestuur: Openbare Bestuur en Regering)
- Hons BA (Ontwikkeling en Bestuur: Volhoubare Ontwikkeling)
- MA (Verhandeling)
- MA Ontwikkeling en Bestuur (Gestruktureerde meestersgraad)
- PhD (Tesis)

KONTAKBESONDERHEDE:

Kontak: Prof. Gerrit van der Waldt
Tel: +27 (0)18 299 1633
Gebou F13 Kamer 113

Kontak: Dr. Eric Nealer
Tel: +27 (0)18 299 4332
Gebou F13 Kamer 107

Kontak: Me. Luni Vermeulen
Tel: +27 (0)18 299 1625
Gebou F13 Kamer 109

Kontak: Mnr. Melvin Diedericks
Tel: +27 (0)18 299 1629
Gebou F13 Kamer 111

NWU-Pukke,
Waar ons
GRAADKRY
met lekkerkry
KLAARKRY